



KINDERONTVOERING

“Kinderontvoering” is om ’n kind van een plek na ’n ander plek te ontvoer vir die doel van uitbuiting, soos om die kind te gebruik vir sekswerk of vir geforseerde of dwangarbeid. Hierdie ontvoering van die kind kan binne een land of tussen verskillende lande geskied. Faktore soos armoede, kriminele oortredings en geweld dra by tot kinderontvoering. Wanneer hierdie probleme voorkom, mag die ouers of die kind dink dat die ontvoering die enigste opsie is wat die kind het vir ’n “beter” lewe – soos byvoorbeeld om toegang tot beter opvoeding te hê of ’n kans om ’n inkomste te verdien.

In Namibië is ’n paar gevalle van kinderontvoering, alhoewel nie deur georganiseerde netwerke nie, gerapporteer. Dit is algemeen vir familieledede om in die ontvoering van kinders betrokke te wees. Dit wil byvoorbeeld voorkom dat kinders vanaf Angola en Zambia na Namibië gebring is om lewende hawe op te pas of om huishoudelike werk te doen. Dit kom ook voor dat sommige kinders binne die land ontvoer word om lewende hawe op te pas, om paaie te bou, om koolsteen te vervaardig of om kos te verkoop. Sommige kinders mag selfs geforseer word om kommersiële sekswerk te doen.

Kinders kan ontvoer word vir die doel om:

- Ⓞ prostitusie of vir ander vorme van seksuele uitbuiting
- Ⓞ geforseerde arbeid of ekonomiese uitbuiting
- Ⓞ slawerny, gedwonge of geforseerde huwelik
- Ⓞ verwydering van liggaamsdele (soos organe vir oorplanting)

Die doel van die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet

Die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind en vele ander internasionale ooreenkomste sê dat kinderontvoering voorkom moet word. In lyn met dié ooreenkomste maak die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet kinderontvoering ’n kriminele oortreding.

Dit is ’n oortreding vir individue of organisasies om op enige manier te help met kinderontvoering, soos om akkommodasie te voorsien vir kinders wat ontvoer is of om inligting aan potensiële oortreders te voorsien.

Die voorgestelde wet maak ook voorsiening vir hulp aan kinders wat slagoffers van ontvoering is en sluit stappe in wat geneem kan word om die kinders wat oor die grens ontvoer is veilig en met die minste moontlike trauma na hul tuisland terug te bring.

Die voorgestelde wet maak die ontvoering van kinders uit die sorg van iemand wat wettiglik die kind oppas (soos byvoorbeeld die ouer of die versorger) ’n kriminele oortreding. Dit is ook ’n oortreding om ’n kind aan te hou om sodoende die kind weg te hou van die ouers of ’n ander wettige versorger.

’n Ander voorkomende maatreël is dat dit onwettig is om ’n kind uit Namibië te neem sonder die toestemming van beide die kind se ouers, sonder die toestemming van ’n Landdroshof (as die ouers nie beskikbaar is nie of as hulle onredelik toestemming weerhou).

Spesiale aanmeldings/verslag vereistes

Namibië se huidige wet (Die Kinderwet, Nr. 33 van 1960) het spesiale aanmeldings/verslag vereistes vir kinders onder die ouderdom van sewe jaar wat apart van hulle ouers of met uitgebreide familieledede vir langer as 30 dae leef. Die persoon wat die kind versorg moet die Kommissaris van Kinderwelsyn ('n Landdros) inlig. Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet het nie sulke vereistes nie. Iets om in ag te neem is of dieselfde verslag/aanmeldings vereistes in die nuwe wet ingesluit moet word om kinderontvoering, onwettige aannemings of ander gevare waaraan kinders blootgestel kan word te help voorkom.

BESPREKINGSPUNTE

- ☉ Wat moet gedoen word om kinders wat slagoffers van kinderontvoering is te ondersteun?
- ☉ Wat moet gebeur wanneer 'n ouer of 'n ander familielid 'n kind ontvoer vir eie gewin of voordeel?
 - ☉ Moet familieledede meer ligtelik hanteer word as hulle regtig glo dat hulle dade aan die kind beter geleenthede sal bied?
 - ☉ Wat as hulle deur desperate armoede gemotiveer was om dit te doen?
- ☉ Moet daar spesiale aanmeldingsvereistes wees vir kinders wat nie met hulle onmiddellike of uitgebreide familieledede leef nie?
 - ☉ Sal so 'n vereiste 'n bruikbare doel dien?
 - ☉ Hoe kan dit toegepas word?
 - ☉ As so 'n voorsiening in die wet ingesluit word, watter ouderdomsgroep moet by kinders gedek word?
- ☉ Moet die wet enigeiets anders sê oor kinderontvoering?
- ☉ Kinderontvoering in Namibië is gelukkig nie 'n wydverspreide probleem nie. Watter ander stappe kan Namibië neem om toekomstige kinderontvoering te voorkom?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591

E-pos: CCPA@lac.org.na

Faks: 088613715

Posadres: Posbus 604, Windhoek



Vir meer inligting oor die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak Monalisa Zatjirua (061-2833116) of Celeste Feris (061-2833179) by die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn, of Rachel Coomer by die Legal Assistance Centre (061-223356).